Scriptura 18 (1986), 56-100

# DIE EISE VAN PASTORALE BEGELEIDING IN 'N KRISISTYD VAN POLITIEKE GEWELD

D J Louw
Fakulteit Teologie
Universiteit van Stellenbosch
Stellenbosch

ABSTRACT: The demands of pastoral care in a crisis of political violence

In the current situation of crisis and conflict in South African society, there exists a dire need for pastoral care. After discussing the general requirements for constructive conflict management, the author concentrates on the current climate of political violence in the light of the theological debate about violence.

He then develops a model for reconciliation in intergroup conflict and gives practical guidelines for what he calls a programme for reconciliation.

The conclusion is that churches have a vital rôle to play in this programme, but that they can only do so if they demonstrate the meaning of reconciliation in their own midst and in their active search for unity and community with all fellow believers.

* * *

## 1. Die pastorale uitdaging aan die kerk

Die pastoraat van die kerk het ten diepste te make met die versorging van lidmate se geloof met die oog op groei en volwassenheid. Die sorg van die kerk behels die konkretisering en aktualisering van die Bybelse heilsboodskap binne die konkrete hier en nou van lidmate se bestaanswerklikheid. Die versorging van lidmate se geloofskomponent dra altyd die karakter van **troos, vermaning en opbou.** In die **troos** gaan dit dan om die aard en karakter van die kerk se empatiese betrokkenheid en ondersteuning; in die **vermaning** gaan dit om die kritiese begeleiding van lidmate in die wêreld en in die **opbou** om doelgerigte beplanning en ontwerpe met die oog op voortdurende geloofsgroei en effektiewe bestemmingsbeantwoording. Wesenlik vir die pastorale versorging van lidmate is die elemente van **empatie, kritiese direktiwiteit en doelwitbeplanning.** Sentraal, ten opsigte van die elemente empatie, kritiek en doelwitbeplanning, is daar die integrale faktor van Woordversorging.

Pastoraat is versorging van die totale mens vanuit die Woord van God en behels 'n kommunikasieproses wat omskryf kan word as die waarheidsrealisering van God se belofte-Woord binne die dinamiese kragveld van die Heilige Gees, asook binne die konteks van die gemeente as die liggaam van Christus. Los van kerugma en koinonia verloor die pastorale elemente van troos (empatie), vermaning (kritiek) en opbou (doelwitbeplanning) hulle teologiese karakter en vervlak dit maklik tot 'n psigologiese of sosiologiese hulpverlening.

Ter wille van helderheid kan ons pastoraat omskryf as heilsbemiddeling (konsentrasie/konkretisering) van die Evangelie aan die totale mens in die wêreld met die oog op geloofsopbou (geloofsvolwassenheid) en doelgerigte lewe. Die vier funksies van die pastoraat is: heelmaking/genesing; begeleiding; ondersteuning en versoening. Die belangrike pastorale vraag is nou: wat is die besondere aard van die konkrete politieke omstandighede in Suid-Afrika waarbinne die heilsbemiddeling van die Evangelie moet plaasvind? Wat is die aard van die krisis in Suid-Afrika wat pastoraal begelei moet word en wat is die grondliggende nood in tussengroepverhoudinge wat vanuit die versoening in Christus versorg moet word?

Dit is baie duidelik dat die aard van die krisis in die Suider-Afrikaanse lewensbestel 'n verhoudingsproblematiek is. Die nood in hierdie verhoudingsproblematiek is tweërlei.

(a) Dit behels die nood van 'n **situasiekrisis** wat gelaai is met die volgende emosionele spanningspolariteite: **angs** en **haat.**

(b) Dit behels die nood van 'n **geëskaleerde konflik** wat gelaai is met 'n atmosfeer van **geweld** en **aggressie.**

Met die oog op die pastorale hantering van die nood van tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika, sal daar in die verdere betoog aandag gegee word aan die rol wat (a) krisispastoraat en (b) konstruktiewe konflikhantering kan speel. 'n Uiteensetting van hierdie twee komponente sal ons beter in staat stel om te kom tot die ontwerp van 'n spesifieke pastorale model en strategie met die oog op versoening in Suid-Afrika.

### 1.1 Die situasiekrisis in die RSA en die rol van krisisberaad

Die Suid-Afrikaanse krisissituasie word omraam deur 'n formele institusionele struktuur wat gerig is op die verskansing van die etniese groepsidentiteit en die belang van die bevoorregte blankes. Hierdie raamwerk het volgens die RGN-verslag (RGN-ondersoek 1985:153) 'n teenstrydigheid in waarde-oriëntasies geskep. Enersyds is daar binne religieuse kringe bestaande gemeenregtelike tradisies en politiesfilosofiese opvattinge met betrekking tot 'n demokratiese lewensbestel, asook 'n konsensus oor die wenslikheid van gelykberegtiging vir alle individuele lede van die samelewing. Andersyds verg die handhawing van die etniese identiteit van blanke Afrikaners die beklemtoning van differensiasie wat uitmond in 'n apartheidsbeleid, en 'n strategie van afsonderlike ontwikkeling wat individue as gevolg van etniese faktore van mekaar vervreem en die beginsel van basiese menseregte skaad. Die verslag toon aan dat hierdie teenstrydigheid in die waarde-oriëntasies 'n **legitimiteitskrisis** tot gevolg het.

As gevolg van 'n toenemende polarisasieproses en die eventuele vervreemdingsproses tussen blank en nie-blank, ontbreek diepteverhoudinge en ontwikkel daar agterdog en wantroue. In hierdie vervreemdingsproses ontstaan 'n ernstige **geloofwaardigheidskrisis** "wat in toenemende mate lei tot die aanwending van dwang (uiteindelik geweld) as enigste basis vir die handhawing van maatskaplike ordelikheid" (RGN-ondersoek 1985:153). Volgens die RGN-verslag dui alle tekens daarop dat verhoudinge tans die vorm van besonder intense konflik aanneem wat nie binne bestaande bande beredder kan word nie. Die skerpte van die konflikpotensiaal tussen verskillende groepe in die RSA word verhoog as gevolg van die volgende vier faktore.

**1.1.1 Paternalistiese bevoorregting.** Die hantering van diversiteit deur 'n oorheersend blanke bevoorregte groep binne 'n hiërargiese ordening wat gerig is op die verskansing van etniese groepsidentiteit en belange van veral die Afrikanerbevolking, verskerp die intensiteit van die konflikpotensiaal. Dit is dan veral die wyse waarop die individu se groeplidmaatskap statutêr afgedwing word deur 'n polities dominante groep (wat groepsdifferensiasie as 'n basis vir ongelyke verdeling van geleenthede sien), wat wrywing en bitterheid veroorsaak.

**1.1.2 Klassifisering van mense rondom etnisiteit.** Dit is veral die kategorisering van mense in 'n bepaalde etniese klas en die daaruit voortspruitende gedwonge groeperinge waardeur die individu van sy menswaardigheid beroof word, wat 'n diep gewortelde bestaansonbevredigheid skep. Gevolglik kom die hele kwessie van menseregte in die gedrang.

Volgens die RGN-verslag kan hierdie basiese menseregte tot die volgende drie gereduseer word.

* Die reg om te lewe. Dit sluit in: die basiese middele tot lewensonderhoud (voedsel, behuising, mediese versorging) asook die geleentheid om hierdie lewensmiddele te bekom. Soos byvoorbeeld werkgeleenthede. Voorts is daar die reg op lewensbeskerming en dus die juridiese faktor van die bewaring van lewe.

* Die reg tot volledige ontplooiing van elke persoon se menswaardigheid. Die mens as beelddraer van God moet gestel word in die posisie van verantwoordelike vryheid op persoonlike en godsdienstige vlak. Dit sluit ook die reg in om persoonlike lewenstyle en moontlikhede te ontwikkel met die oog op 'n menswaardige bestaan.

* Die reg om binne 'n bepaalde gemeenskap met ander mense as medemens saam te leef. Die mens moet die reg hê om 'n vrye keuse ten opsigte van 'n huweliksmaat uit te oefen. Die huwelik en gesin moet beskerm word. Die mens moet ook vry wees om met enige groep op politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele vlak te kan identifiseer.

**1.1.3 Geïnstitusionaliseerde ongelykheid.** Die ongelykheid tussen verskillende groepe word van hul natuurlikheid (vanselfsprekendheid) beroof en op 'n juridiese vlak verhef tot gedwonge skeiding. Skeidinge in die RSA staan nie los van die ekonomiese werklikhede nie. Die gevolg is dat naas 'n gegoede burokratiese middelklas met 'n filosofie van welvaartsoptimisme, daar 'n verarmde minderwaardige subekonomiese klas met 'n filosofie van armoede-pessimisme ontwikkel. Die een groep bou in die arbeidsverhoudinge op die mannekrag van die ander en as gevolg van 'n hiërargiese gelaagdheidstruktuur word die frustrasiedrempel van die laere inkomstegroepe verhoog.

**1.1.4 Onderlinge vervreemding op intersubjektiewe vlak.** Groeperinge rondom griewe is tans besig om onder die minderbevoorregte groepe pos te vat. 'n Emosionele faktor ontwikkel. Rondom 'n gevoel van verontregting transendeer minderbevoorregtes etniese skeidinge en word 'n nuwe groepsgevoel rondom gemeenskaplike griewe gebou. Hierdie emosionele faktor verkry 'n skerp intensiteit, naamlik 'n emosie van ongekende bitterheid en haat. As gevolg van die statutêre isolasie en die toenemende wantroue wat hieruit voortspruit, is dit te verstane waarom ons in die RSA tereg van 'n **krisis van emosies** kan praat.

Indien ons nou die moontlikheid van krisispastoraat opper, is dit 'n ope vraag of die bestaande gevestigde kerke, en by

name die NG Kerk, 'n rol kan speel in die pastorale hantering van bovermelde krisissituasie.

Volgens die RGN-verslag oor tussengroepverhoudinge kan godsdiens of religie òf 'n konstruktiewe, òf 'n konflikgenererende rol speel (RGN-ondersoek 1985:156). Indien godsdiens wel 'n konstruktiewe funksie wil vervul, moet dit as 'n integrasiefaktor vir sowel individu as gemeenskap dien. Godsdiens behoort groepe dwarsoor alle grense heen aan mekaar te kan bind mits daardie godsdiens kulturele verstrengeldheid transendeer. Godsdiens kan ook daartoe dien om 'n nuwe basis vir die ontdekking van visie en sin in die menslike bestaan te skep. Sodoende help godsdiens om op 'n konstruktiewe vlak 'n positiewe motiveringsfaktor te word.

Die werklikheid in die RSA met betrekking tot die moontlike konstruktiewe rol wat godsdiens kan speel, teken 'n droewige prentjie. Die feit dat verskillende godsdienste diametraal teenoor mekaar staan en daarop uit is om volgelinge te werf, bring verwydering. Die ergste wat kan gebeur is wanneer 'n godsdiens met die belange van 'n bepaalde kultuurgroep of ras geïdentifiseer word. "One of the most destructive forms that religion can take on is that in which it becomes allied to the interests of a particular group to the exclusion of others. Then it may be misused to legitimate injustice and the abuse of power, leading to the dehumanization of individuals and groups. As the research reflected in this report will show, this has already happened to a significant degree in South Africa" (Oosthuizen 1985:13). Godsdiens werk dan antiteties in op die bou van gesonde tussengroepverhoudinge. Op hierdie wyse word die kerk self 'n konflikgenererende faktor in plaas van 'n agent van versoening en bemiddeling. "Wanneer die grense van die religieuse groep saamval met die grense van 'n bepaalde kulturele of magsgroep, is dit 'n kombinasie met 'n duidelike konflikpotensiaal" (RGN-verslag 1985:72).

Die groot gevaar in godsdiens is klaarblyklik dat die kerk geïdentifiseer word met belange van bepaalde groepe en deel word van 'n ideologiestryd. 'n Verdere probleem is dat wanneer die kerk 'n na binne-gerigtheid ontwikkel en op institutêre belange ten koste van die eksistensiële nood van mense konsentreer, die kerk meer rasioneel-dogmaties betrokke raak as eksistensieel-pastoraal.

Wat behels 'n pastorale program wat werklik by die nood van mense in 'n krisissituasie betrokke raak?

Daar is reeds gewys op die feit dat die krisis in tussengroepverhoudinge 'n **geloofwaardigheidskrisis** en 'n **waardekrisis** behels. Hierdie krisis mond uit in strukture wat mense van mekaar vervreem. Naas die geloofwaardigheidskrisis bestaan daar ook 'n **menswaardigheidskrisis.** In soverre die individu se selfbeeld deur sy minderwaardigheidsgevoel aangetas word, ontwikkel 'n **identiteitskrisis.** Mense met 'n swak selfbeeld sal dus probeer om inherente onsekerheid te verskans agter 'n masker van gewaande sekerheid. Konflik tussen groepe het dikwels tot gevolg dat 'n individu tot geweld oorgaan om daarmee te probeer om homself te handhaaf en 'n nuwe identiteit te verwerf. Pastoraat in 'n krisissituasie sal dus ook aandag moet gee aan die bou van 'n positiewe selfbeeld en 'n nuwe groepsidentiteit wat gekoppel is aan 'n nuwe waardesisteem. Naas die identiteitskrisis kan ons ook nog 'n **emosionele krisis** identifiseer. Dit is die krisis van gepolariseerde angs-haat emosies.

Die kern van **krisisberaad** is drieërlei en behels die volgende:

(a) **Maak kontak en bou 'n vertrouensverhouding.** Die kerk moet by albei botsende partye betrokke raak en sonder om kant te kies, probeer om begrip te toon vir albei partye se gevoelens en probleme. Deurslaggewend is die onvoorwaardelike liefde van Christus **wat as deernis en naasteliefde uitmond in 'n priesterlike betrokkenheid. Ons het hier te doen met die empaties-ondersteunende** dimensie van die pastoraat.

Vir 'n dergelike pastorale betrokkenheid en die bou van 'n vertrouensverhouding tussen die pastor en die betrokke groepe, sal die kerk eers duidelikheid moet kry oor wat sy wesenlike taak en eiesoortige identiteit is. Ekklesiologies gesproke, benodig die kerk vir 'n egte pastorale betrokkenheid die perspektief van die gemeente as die liggaam van Christus. Dit is slegs binne die gemeenskap van gelowiges en die egte liefdeskoinonia dat 'n klimaat van versoening geskep kan word waarbinne 'n gesprek met die leiers van die botsende groepe kan plaasvind.

Voordat 'n gesprek, met die oog op die bou aan 'n vertrouensverhouding, kan plaasvind, moet die kerk probeer om eers gelowiges binne albei groepe te identifiseer en hulle gesamentlik te laat ervaar wat die gemeenskaplike beoefening van hul geloof behels. In hierdie verband kan die sakrament van die nagmaal 'n geweldige pastorale funksie vervul. Die liefdeseenheid word hier gedemonstreer voordat met sinvolle onderhandeling, deur middel van gesprek, begin kan word.

Wanneer die pastoraat dan wel daartoe oorgaan om met die onderskeie groepe te onderhandel, is die beste metode met die oog op kontak om eers die groep te help om hul basiese **gevoelens** rondom die probleem wat konflik veroorsaak, te identifiseer. Die kerk moet begrip toon vir mense op gevoelsvlak. Deur middel van die pastor moet die kerk of die groep gelowiges hulle verplaas binne die situasie van die betrokke groep en probeer om vanuit hulle situasie oor die eiesoortige aard van hul eksistensiële krisis te dink en te voel. So word begrip geskep en kommunikasiebande geopen. Die doel van die pastorale betrokkenheid word dan die skep van 'n vertrouensverhouding en die heropening van kommunikasiekanale. 'n Atmosfeer van veiligheid en vertroue moet, met die oog op konstruktiewe onderhandeling, geskep word.

In die eerste plek is dus belangrik: **maak kontak** en **bou 'n vertrouensrelasie.** Die kerk moet dit probeer bereik wat Paulus gedoen het ten einde die probleem van strydende faksies en die vervreemding tussen mense as gevolg van rasse- en kultuurverskille te oorbrug: identifiseer jou met hul nood met behulp van 'n empatiese betrokkenheid en verplasing in hul situasie. "Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen.... Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen" (1 Kor 9:20-2).

(b) **Dring deur tot die kernprobleem en probeer om dit van randprobleme, feite en emosies te onderskei.** Op die tweede vlak is die pastoraat dikwels meer rasioneel en dus kognitief van aard. Die pastoraat wil mense help om in hul denke helderheid te kry oor die kernprobleem sodat verbande tussen oorsake en gevolge gelê kan word. **Diagnose** van die situasie en 'n ontleding van die feite is belangrik. Dit is op hierdie punt dat die pastoraat te doen kry met die **waarheidsvraagstuk.** In 'n diagnose moet die pastoraat help om die waarheid so te formuleer dat die groepe gemotiveer kan word tot 'n **wederkerige verantwoordelikheid.**

Op hierdie tweede vlak gaan dit dus om probleem-analise, diagnostiese verkenning en verbandlegging tussen feite en probleem, met die oog op 'n eventuele verantwoordelikheid. Die **krities-vermanende** dimensie van die pastoraat is hier ter sprake. Indien die probleem en die wyse waarop dit hanteer word 'n bepaalde Skrifwaarheid aantas, sal die kerk se betrokkenheid krities en vermanend van aard moet wees. Byvoorbeeld: indien die bevoorregting van een groep ten koste van 'n ander groep geskied, en die waarheidsvraag met betrekking tot die handhawing van die geregtigheids- en naasteliefdebeginsel in die gedrang kom, is dit die taak van die kerk om konstruktief-krities te vermaan.

(c) In die derde stadium van die pastorale begeleiding gaan dit om die **skep van nuwe perspektiewe met die oog op 'n werkbare praktykprogram en die ontwerp van doelwitte.**

'n Perspektiefverandering ten opsigte van die huidige Suid-Afrikaanse problematiek behels informasie oor die destruktiewe rol van 'n materialisties georiënteerde suksesmoraal. Die kerk moet die strydende groepe help om weg te beweeg van 'n **suksesmoraal** in die rigting van 'n **diensmoraal** wat geskoei is op die lees van selfopofferende liefde en deernisvolle barmhartigheid.

Die pastoraat gee in hierdie derde fase uitdrukking aan die **opbouend-rigtinggewende** dimensie. Die pastoraat wil bystand verleen met die oog op die ontwerp van 'n pastorale aksieplan en veranderingstrategie. Dit gaan dan om die ontwerp van kort- en langtermyn doelwitte wat sal klop met die doel wat God op die oog het met die samelewing, dit wil sê 'n samelewing geskoei op die lees van geregtigheid en naasteliefde.

Dit is belangrik dat die kerk daartoe sal kom om binne die Suid-Afrikaanse lewensbestel 'n versoeningsmodel te ontwerp wat daarin kan slaag om konflik konstruktief op te los. Voordat ons verduidelik hoe 'n dergelike model daar uitsien, moet ons aan die probleem van konstruktiewe konflikhantering aandag gee.

## 1.2 Konstruktiewe konflikhantering binne 'n situasie van politieke geweld

'n Konflik kan òf destruktief gebruik word om mense van mekaar te isoleer, òf positief omgebuig word tot 'n geleentheid vir groei en begrip. Dit is dan ook die uitdaging in die RSA: om te voorkom dat die huidige konflik ontaard in 'n destruktiewer evolusieproses waarin die groepe mekaar vernietig.

Daar is reeds gewys op die komplekse aard van die Suider-Afrikaanse verhoudingsproblematiek. Met die oog op 'n pastorale strategie moet die kerk bewus wees van die feit dat die tussengroep-problematiek in die RSA drieërlei van aard is. Daar bestaan:

(a) 'n **konflik van belangegroepe** gegroepeer rondom die suksesmoraal van die sogenaamde welvaartsmaatskappy. Hierdie aspek van die konflik is sosio-**ekonomies** van aard.

(b) Dan is daar die konflik van **klassegroepe.** As gevolg van die verskil in stand en lewensstandaarde het ons te doen met 'n fase van die konflik wat **kultuur-maatskaplik** van aard is.

(c) Die derde aspek van die konflik het te doen met die verskillende **rassegroepe** in ons land. Hierdie konflik is etnies van aard en is gebou rondom die kleurvraagstuk en die herkoms van mense.

Met die oog op konstruktiewe konflikhantering, moet die pastoraat duidelikheid verkry oor die rol wat die polariteite **aggressie-frustrasie** en **geweld-ideologie** in hierdie konflik speel.

### 1.2.1 Aggressie en eksistensiële frustrasie

Binne die Suider-Afrikaanse konteks is daar die onmiskenbare verskynsel van aggressie. Aggressie is veral te bespeur by die

minderbevoorregte groepe. Die hantering van aggressie sal dus 'n wesenlike deel uitmaak van die pastorale hantering van konflik in 'n krisissituasie.

Die belangrikheid van die aggressie-faktor in 'n konfliksituasie hang nou saam met die verband tussen aggressie en geweld. Dit beteken nie dat alle aggressie noodwendig gewelddadig is nie; "aber alle Gewalt ist Aggression" (Moser 1984:178). Ten einde rekening te hou met aggressie as 'n psigologiese faktor in konflikhantering, moet die pastoraat tussen aggressie en frustrasie onderskei. Met die oog op die ontwikkeling van begrip vir ander se nood en die skep van 'n vertrouensrelasie wat gerig is op konstruktiewe betrokkenheid, moet frustrasie as die basiese emosionele toestand grondliggend aan 'n aggressie-emosie herken word.

In die geval van konflik in tussengroepverhoudinge moet die basiese frustrasie gesien word as 'n **eksistensiële frustrasie,** dit wil sê 'n eksistensiële ervaring op bestaansvlak van die verontregte en verbitterde mens se basiese behoefte aan 'n menswaardige bestaan en die ontplooiing van sy menseregte met die oog op verantwoordelike vryheid. 'n Mens sou die verband tussen aggressie en frustrasie as volg kon formuleer: "**frustrasie** is die basiese eksistensiële gebeure en toestand; **aggressie** is 'n totale geheel van aanvallende reaktiewe gedrag en wraakgevoelens wat daarop gerig is om òf te vernietig, òf die objek van teenstand uit die weg te ruim en jouself op 'n negatiewe wyse te laat geld. Deel van hierdie totale aggressiewe reaksie is die emosie van woede. "We can be frustrated, but the emotion we usually feel when frustrated is anger or hostility" (Rohrer 1981:9).

### 1.2.2 Woede as reaksie-emosie

**Woede** is 'n reaksie-emosie en ontstaan as gevolg van 'n behoefte aan mag, posisie en status wat as gevolg van verskeie faktore geblokkeer word. As reaksie-emosie hang woede saam met 'n oormatige bewuswording van beperkinge en 'n ervaring van eie swakheid en minderwaardigheid. Ten diepste is woede 'n emosie wat 'n bepaalde begeerte aandui, naamlik 'n drang om beheer oor andere te verkry met die oog op selferkenning en selfhandhawing. Dit ontstaan binne menslike verhoudinge as gevolg van 'n tekort aan liefde en medemenslike erkenning. In die woedereaksie wil die persoon

sy gevoel van ek-is-onbelangrik oorkom. Woede word dus 'n poging om aandag te trek en belangrik te wees.

Dit is dus duidelik dat dieperliggend in aggressiewe gedrag daar emosies skuil wat dui op die onvervuldheid van die menslike bestaan. Aggressiewe gedrag is 'n simptoom van 'n bepaalde gebrek: die tekort aan egte medemenslike liefde en medelye. Pastoraat in 'n krisisituasie sal dus nooit effektief kan wees sonder die komponent van **medelye** en **liefdevolle identifikasie** met die oorsaak van mense se frustrasies nie. Dit is slegs binne 'n liefdevolle vertrouensrelasie dat die woede-emosie konstruktief gekanaliseer kan word in verantwoordelike gedrag. Op hierdie wyse kan sowel woede as aggressie in die pastoraat beskou word as instrumente om verandering teweeg te bring. Dit is nie waar dat woede net blind is nie. In sy uiterste vorm is ongekontroleerde woede wel blind. Tog is daar 'n element van indirekte of direkte keuse in 'n woede-emosie aanwesig. Mense kies (dikwels onwillekeurig) om kwaad te raak. "Anger is not an automatic reflex that involuntarily erupts following provocation. Angry people choose it to prevent a loss of self-esteem. It's a hedge against humiliation" (Rohrer 1981:15). Indien die pastoraat nie met hierdie perspektief rekening hou nie, sal dit moeilik daarin slaag om die woede-emosies van die betrokke partye te verstaan.

In die pastorale hantering van woede en aggressie is die twee uiterste manifestasies van woede nie die oplossing nie. Aan die een kant is daar die ongekontroleerde **katarsismoment,** naamlik om aan die woede uiting na buite te gee deur middel van gedrag of woorde wat gewoonlik 'n negatiewe en destruktiewe uitwerking op die omgewing het. Aan die ander kant is daar die **onderdrukkingsmoment,** naamlik om die woede-emosie te ontken en na binne te verdring en te onderdruk. Die mees konstruktiewe wyse van woedehantering is **sintesering,** dit wil sê om die woede in verband te bring met die oorsaaklike faktore wat tot die frustrasie aanleiding gee en die woede-emosie te laat kombineer met ander positiewe aspekte in die bestaan. Die taak van die pastoraat is om die behoefte om aan te val - met behulp van liefde, 'n nugtere oordeelsvermoë en 'n waarneming van die totale realiteit waarbinne verantwoordelike gedrag geopenbaar word - in verantwoordelike gedrag te omskep.

Indien die kerk konstruktief by enige versoeningsaksie in Suid-Afrika betrokke wil raak, sal dit noodsaaklik wees om begrip te toon vir swartmense se eksistensiële frustrasie. Die kerk moet in die eerste plek nie wegval met 'n rasionele analise van die swartmense se behoeftes nie. Dokumente soos die Belhar-belydenis en die Kairos-dokument moet nie in die eerste plek dogmaties en teologies beoordeel word nie. Ten einde 'n versoeningsproses op gang te bring en 'n vertrouensverhouding te bou, moet dergelike dokumente met die nodige empatie gelees word ten einde iets te begryp van die intense frustrasie wat daar in swartmense se harte leef.

### 1.2.3 Die vraagstuk van geweld

Die kwessie van verantwoordelike gedrag bring die pastoraat noodwendig by die vraagstuk van **geweld**. Dit blyk duidelik uit die literatuur dat veral die swartmense in die RSA in 'n toenemende mate geweld sien as die enigste oplossing vir hul cul-de-sac-situasie. 'n Pastoraat en teologie wat hierdie faktor ignoreer kan moeilik op 'n konstruktiewe wyse by die eksistensiële nood van ons swartmense betrokke raak. Dit is dan juis hierdie eksistensiële frustrasie wat myns insiens grondliggend is in die sogenaamde swart teologie en bevrydingsteologie. F Chikane praat van "doing theology in a situation of conflict" (1985:98). Die waarheid in Chikane se standpunt is dat teologie nie 'n neutrale aangeleentheid is nie, maar vanuit die priesterlike dimensie van die liefde, juis betrokkenheidsteologie is. As diakonia is teologie 'n "doing theology." "To do theology in a situation of conflict demands carrying the cross. This is a methodology which exists in contradistinction to 'learning' or 'studying' theology" (Chikane 1985:101).

Dit sal dus die taak van die pastoraat wees om in die bevrydingsteologie en swart teologie in die RSA nie in die eerste plek al die dogmatiese verskilpunte of leerstellige dwalinge uit te wys nie, maar om te probeer om hierdie mense se stryd en basiese bestaansnood te verstaan. "For this reason there are white theologians who have begun to discern in black theology not only a legitimate expression of the Christian gospel within our context, but also a theology which challenges and judges our own, and a catalyst which is forcing us to rework our theologies in ways which are more biblically faithful and more contextually relevant to the struggle for justice and peace" (De Gruchy 1985:95). Die

vraag is net of in hierdie pastorale proses van empatiese identifikasie met die oog op kommunikasie en konstruktiewe verandering, geweld binne die eiesoortige aard van die pastoraat inpas.

Geweld as die uitoefening van beheer en gesag is in 'n sekere sin as sodanig 'n legitieme faktor in die ordening van enige vorm van menslike verhoudinge. "Von der sprachlichen Wurzel her bedeutet Gewalt zunächst das Verfügenkönnen über innerweltlich Seiendes" (Schrey 1984:168). Wanneer geweld egter 'n dwangmatige uitoefening van gesag word teen die wil van diegene wat daaraan onderwerp word en sonder 'n etiese basis met as newe-effek negatiewe emosies, lyding, pyn, lewensverlies en destruksie, word die geweldvraagstuk nie net 'n etiese vraagstuk nie, maar inderdaad 'n pastorale vraagstuk. Repressiewe geweld bring die empatie, deernis, medelye en barmhartigheid van die Christelike liefdesbetrokkenheid in gedrang. Geweld, wat dus nie geordende gesag is met die oog op bewaring en beskerming van basiese menseregte nie, is - hetsy as fisieke, psigiese, sosiale, strukturele of militêre geweld - eties onaanvaarbaar.

Dit blyk duidelik dat ons die vraagstuk van geweld nie van die vraagstuk van mag en gesag kan losmaak nie. Ter wille van helderheid kan ons sê dat geweld 'n faset van gesag is. Geweld kom ter sprake wanneer gesag toegepas moet word en daar druk uitgeoefen word op diegene wat hulle aan die gesag moet onderwerp. Gesag het te doen met die aard en karakter van die status, opdrag en posisie van diegene wat in 'n meerdere posisie van beheer en kontrole geplaas is, terwyl mag te doen het met die invloedsfeer en die middele tot beskikking van diegene in 'n heersersposisie. Geweld het te doen met die gebruik van mag en die toepassing van gesag. Geweld word 'n etiese en pastorale vraagstuk wanneer gesag en mag in die toepassing daarvan 'n dwangmatige karakter aanneem. In 'n sekere sin is geweld gesaguitoefening met die gevaar van magsmisbruik.

Geweld is 'n uiters komplekse verskynsel. Aan die een kant kan geen sosiale instelling sonder kontrolerende beginsels en dissiplinêre maatreëls sinvol funksioneer nie. Aan die ander kant kan die toepassing hiervan maklik eensydig raak en die belange van die persoon of groepe in 'n meerdere posisie beskerm ten koste van diegene in 'n mindere posisie. Diegene wat moet gehoorsaam, ervaar die dissiplinêre maatreëls as

kwetsend en voel gou magteloos en verbitterd binne bepaalde sosiale ordeninge. Maatreëls vind neerslag in vaste patrone wat deur die maatskappy gesanksioneer word of juridies verskans word. Dissipline verkry die vaste vorm van 'n bepaalde struktuur. Wanneer hierdie struktuur nie meer diegene wat daaraan gehoorsaam moet wees, beskerm nie, en nie hul welsyn beoog nie, verkry dit 'n dwangmatige karakter wat stuit op weerstand en verset. Daarom word daar van **strukturele geweld** gepraat.

Beïnvloeding met die moontlikheid om op 'n dwangmatige wyse beheer uit te oefen en te manipuleer, kan ook op psigiese gebied plaasvind. Daarom kan ons naas strukturele geweld ook van **psigologiese geweld** praat. Wanneer geweld daarop uit is om iemand se lewe te bedreig of om besittings te beskadig, word van **fisieke** of **militêre geweld** gepraat. 'n Groot groep mense of 'n samelewing kan bepaalde gedragspatrone vaslê en werk met taboe's wat op die lang termyn mense leed aandoen. Vandaar die verskynsel van **sosiale geweld.** Ons sal verder kan praat van ekonomiese geweld, juridiese en pedagogiese geweld. Die verskynsel van geweld is dus kompleks en lê versprei oor alle fasette van ons bestaan.

Oor geweld kan ons nie net negatief oordeel nie. In die algemene spreektaal besit die konsep geweld 'n meer negatiewe konnotasie, naamlik leed aandoen, iets beskadig of dwangmatige onderdrukking. Tog besit geweld ook 'n positiewe waarde, naamlik om beheer uit te oefen en te voorkom dat die lewe in wanorde uitmekaar spat. Ons kan dus tussen konstruktiewe/legitieme geweld en destruktiewe/illegitieme geweld onderskei.

Met **konstruktiewe geweld** word 'n vorm van dissiplinehandhawing sonder outoritêre tirannie bedoel. Geweld is legitiem wanneer dit dissipline beoog en kontrole uitoefen in belang van diegene wat daaraan onderwerp is. Binne 'n sosiale konteks is geweld dus daarop ingestel om mense se basiese regte te beskerm en hul in staat te stel om te kom tot 'n menswaardige lewensontplooiing en verantwoordelike identiteit. Ten einde sorg te dra dat geweld konstruktief is, benodig dit 'n etiese basis wat objektiwiteit en normatiwiteit verskaf in die uitoefening van gesag. 'n Dergelike uitoefening van gesag skep vertroue, sekuriteit, ontsag en gehoorsaamheid.

Met **destruktiewe geweld** word bedoel die dwangmatige uitoefening van gesag met as newe-effek pyn, leed, beskadiging of vernietiging. Hierdie uitoefening van dwang geskied gewoonlik buite die konteks van 'n etiese basis om, en bring beginsels soos geregtigheid en naasteliefe in die gedrang. Op emosionele vlak veroorsaak 'n dergelike uitoefening van gesag gewoonlik weerstand, frustrasie, aggressie, angs en haat. Destruktiewe geweld kan aktief wees (**aktiewe geweld**) en gaan gepaard met middele wat direk daarop uit is om die ander persoon/persone aan te val en doelbewus skade te berokken. **Passiewe geweld** kan in sy intensie daarop ingestel wees om nie leed te veroorsaak nie, maar in die effek daarvan genereer dit beskadiging of lyding.

Die verskynsel van geweld toon die volgende kenmerkende eienskappe of karaktertrekke:

(a) **Die sondige karakter van geweld.** Geweld hang saam met die gebrokenheid van ons bestaan en die gevalle staat van die sondige mensdom. Die sondeval is die mees gewelddadige gebeure in die geskiedenis van die mensdom. Die kern van sonde is opstand teen God en sy gesag. Die sonde wil God se gesag vervang met 'n eie outonomiteit.

(b) **Die noodwendigheid van geweld.** Geweld is 'n verskynsel wat saamhang met die begrensinge en beperkinge van menslike vermoëns in die handhawing van orde en dissipline. Die wyse waarop die mens homself in hierdie wêreld elke dag organiseer met die oog op 'n geordende gemeenskap, bring noodwendig die verskynsel van geweld mee.

(c) **Die boemerangkarakter van geweld.** Destruktiewe geweld het die tendens om in sikliese kringe te beweeg. Geweld in sy negatiewe gestalte is wederkerig. Dit vertoon 'n kringloopkarakter: geweld roep geweld op.

(d) **Pragmaties-utopiese karakter van geweld.** Destruktiewe geweld is in sy toepassing altyd pragmaties, dit wil sê dit wil 'n bestaande orde omver werp en met 'n ander orde vervang. Geweld beoog verandering. Op die lang termyn blyk die effek so beperk te wees dat dit wat die gewelddadige aksie wou bereik, naamlik geweldloosheid, 'n utopie blyk te wees.

(e) **Haatlose geweld is 'n mite.** Destruktiewe geweld kan nie van haat en angs losgemaak word nie. Daarom ontketen geweld kragte wat versoening teëwerk en mense van mekaar

vervreem.

(f) **Geweld as 'n fenomeen van aggressie.** Geweld het altyd as basis een of ander vorm van aggressie. Alle vorme van geweld het te doen met aggressiewe gedrag. Alle vorme van aggressie is egter nie noodwendig gewelddadig nie.

Daar is reeds na die verband tussen geweld en aggressie verwys. Ten einde skerper tussen konstruktiewe en destruktiewe geweld te kan onderskei, sal daar vasgestel moet word wat die graad van aggressie in 'n gewelddadige optrede is. Grondliggend in sowel aggressie as geweld is die **intensie om te beskadig, leed aan te doen of ontwrigting te veroorsaak.**

Aggressie is die geheel van die psigologiese impak en aanvallende gedragshouding wat die intensiteit van die frustrasiefaktor en behoeftebevredigingsdrang reflekteer. Geweld is dan die manifestasie van aggressie in waarneembare reaksiegedrag wat beskadigend op 'n omgewing inwerk; "violence refers mostly to the overt manifestation of aggression as an observable act, whilst aggression as a wider concept also includes covert (disguised) and latent (dormant) forms of aggression. Violence always presupposes aggression, but aggression does not necessarily manifest itself in acts of violence" (Viljoen 1985:3). Dit is duidelik dat geweld moeilik van 'n dieperliggende vorm van aggressie onderskei kan word. Op persoonlike vlak het geweld dan te doen met die kragte wat in 'n persoon as gevolg van 'n hoë frustrasiedrempel saamgebundel word met die intensie om ander mense aan te val en seer te maak. Hierdie kragte kan op psigologiese vlak nie losgemaak word van 'n persoon se motief om te streef na onafhanklikheid en selfrealisering nie.

Ten einde geweld as aggressiegedrag beter te verstaan, word daar tussen konstruktiewe aggressie, instrumentele aggressie en destruktiewe aggressie onderskei (Viljoen 1985:6).

(a) **Konstruktiewe aggressie.** Konstruktiewe aggressie is gedrag wat gemik is op aanpassing by 'n omgewing. Die grondliggende motief daarin is oorlewing en nie beskadiging nie. Hierdie tipe van aggressie is nodig in 'n persoonlikheid ten einde hom te motiveer om 'n bepaalde doel te bereik en struikelblokke uit die weg te ruim. "Self-assertive aggression is a basic component of many life situations wherein the aim

is to attain success. It typifies a person who can pursue his goals in life with determination, without hesitation or being deterred by obstacles" (Viljoen 1985:6).

Ten einde pastoraal met tussengroepkonflik in die RSA te werk te gaan, sal die kerk moet begryp dat 'n belangrike komponent in die gewelddadige optrede van swartmense of witmense, defensiewe aggressie is wat in die lig van omgewingsbedreiging oorgaan in selfverdedigende gedrag. 'n Gevoel van bedreigdheid, ongeborgenheid, verbittering en angs speel hierin 'n belangrike rol.

(b) **Instrumentele aggressie.** Hiermee word bedoel dat die aggressie self 'n instrument is waardeur 'n bepaalde doel gerealiseer word of waardeur 'n eksterne opdrag uitgevoer word. "Instrumental aggression is not a reaction to a direct threat, but a premeditated plan of action which uses aggressive acts in order to attain a certain goal" (Viljoen 1985:8).

By baie swartmense in ons land is die aggressie nie 'n doel op sigself nie. Dit is slegs 'n middel om hul doel, naamlik bevryding, te bereik. Wanneer gesagsinstansies met hierdie faktor rekening hou en met swartmense oor hul eventuele mikpunte begin onderhandel, kan voorkom word dat instrumentele aggressie in destruktiewe aggressie oorgaan.

(c) **Destruktiewe aggressie.** In destruktiewe aggressie word die daad van vernietiging of beskadiging die uitsluitlike doel van die aggressie. Aggressie word dan 'n doel op sigself en gaan met 'n vernietigingsdrang en intense haat gepaard.

Op die oomblik skyn dit asof Suid-Afrika reeds in die fase van destruktiewe aggressie verkeer. Wanneer die vernietigingsdrang oorgaan in wreedaardige optrede en vernielsugtige gedrag, word 'n klimaat vir revolusie geskep. Wanneer aggressie oorgaan in destruktiewe geweld en 'n revolusionêre karakter verkry, word totale kragte saamgebundel met 'n momentum wat alle vorme van selfbeheersing en kontrole te bowe gaan. Die stoomroller-effek van 'n revolusie bou 'n spiraal van kragte op wat, wanneer dit losbreek, moeilik gestuit gaan word. Revolusie in Suid Afrika sal 'n hel ontketen met 'n bloedbad waarvan die uiteinde onberekenbare skade vir alle mense op die lang termyn inhou. Wie dink dat

hy beheer kan uitoefen oor destruktiewe aggressie, moet vroegtydig seker maak of hy ook beheer het oor revolusionêre aggressie.

Dit is baie duidelik dat destruktiewe aggressie in die RSA betyds gekeer moet word. Dit beteken dat die verskynsel van instrumentele aggressie vroegtydig in tussengroepkonflik geïdentifiseer moet word ten einde die moontlike destruktiewe gedrag deur middel van pastorale begeleiding konstruktief in die rigting van ordelike bevryding te kanaliseer. Vir blankes in Suid-Afrika beteken dit dat die grense van die vryheid wat die Afrikaner vir homself verwerf het, stelselmatig versit sal moet word. "Die smal pad van ordelike bevryding vir almal loop tussen twee klaarblyklike alternatiewe: wanordelike vryheid of bandeloosheid, wat mettertyd onkeerbaar vervang sal word deur afgedwonge orde, tiranniek en onvry" (Cilliė 1986:2).

Uit die Egiptiese dinastie ongeveer 2500 vC is daar 'n uitspraak oor geweld wat as volg lui, "Noch niemals hat die Gewaltätigkeit des Menschen etwas zustande gebracht, sondern was Gott befiehlt, geschieht" (Schrey 1984:169). Dit is duidelik dat in Israel geweld en verbondsvrede hoegenaamd nie met mekaar te rym is nie. In Genesis 49:5-7 word die geweld van Simeon en Levi veroordeel; "koelbloedig het hulle mense vermoor, roekeloos het hulle diere mishandel. Die straf van God sal hulle tref oor hulle geweldpleging, hulle onbeteuelde drif." Geweld in die Ou Testament is 'n verbreking van die regsorde en tas die verbondsgemeenskap tussen God en die mens aan (Gen 6:11-13). Die voorkoms van selfs legitieme geweld in die Ou Testament moet egter steeds gesien word binne die konteks van die verbreking van die regsgemeenskap in Israel en word opgeneem binne die eskatologiese hoop van die profete: die nuwe skepping en die herstel van die verbondsvrede sonder geweld.

Die Nuwe Testament stel Jesus nie voor as 'n gewelddadige persoon nie. Sy hele lewe staan veeleer in die teken van toewyding, diens, selfverloëning en opoffering. Teenoor die swaard stel die Evangelie van Johannes die beker (Joh 18:10-11). Geweld moet vervang word met die versoenende liefde van die gekruisigde Christus. "Want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom" (Matt 26:52). Petrus se daad om geweld met geweld te vergeld, is strafwaardig en 'n openbaring van kleingelowigheid, asook 'n misverstand oor die

ware aard van Jesus se koninkryk. "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie" (Joh 18:36). Vervulling van die raad van God en die beloftes van die Skrif loop vir die kerk nie langs die weg van die swaard (geweld) nie, maar langs die weg van die beker (lyding).

Dit is daarom onmoontlik om vanuit die tempelreiniging 'n "teologie van geweld" of revolusie te regverdig (Matt 21:12-13; Mark 11:15-18; Luk 19:45-48; Joh 2:13-17). Dit gaan in die tempelreiniging nie om die geweld van die sweep nie, maar om die handhawing van die gesag van God en die reg van sy koninkryk.

Jesus tree in die voorhof van die heidene op teen die veehandelaars wat offerdiere verkoop vir reigigingsoffers en die paasfees, asook teen die geldwisselaars wat teen kommissie, profane geld uitruil vir die ortodokse halfsikkels waarmee die feesgangers die tempelbelasting betaal. Wanneer Jesus dan na die sweep gryp, is sy metode nie normatief nie. Wat wel normatief vir die optrede van die mens is, is die saak waarom dit gaan, naamlik die eer van sy Vader. Jesus se optrede is dus nie 'n voorskrif vir sy dissipels nie. Ons vind nie hier 'n model vir die Christen en geweld nie. Die tempelreiniging besit dus nie 'n normatiewe waarde nie, maar moet binne die perspektief van die heilsopenbaring verstaan word. Jesus se optrede reflekteer iets van God se toorn oor die sonde. Die huis van die Here word vanaf 'n gebedsplek tot 'n rowerspelonk gedegradeer. Gevolglik is die belange van sy Vader op die spel. Die gebedsplek as teken van die ware godsdiens word herstel teenoor die oppervlakkige, materialistiese vormgodsdiens.

Jesus se optrede geskied nie vanuit die emosie van woede nie, maar word geregverdig vanuit die Skrif (Jes 56:7 en Jer 7:11). Jesus se verontwaardiging is sy heilige toorn as gekwetste liefde. "Verontwaardiging is geen bedenkelijk geïrriteerde gemoedsgesteldheid, maar het waardig innerlijk verzet, dat moet opkomen, wil niet de mens zijn waardigheid verliezen. ... De menselijke onbeheerstheid voert niet de bovertoon, maar de goddelijke verontwaardiging" (Smelik 1965:70). In skerp kontras stel Matteus teenoor die sonde van tempelbesoedeling die alternatief van die kerk: God se ontferming oor blindes en kreupeles wat genees word (Matt

21:14). Die alternatief vir geweld is 'n demonstrasie van God se ontfermende genade.

Jesus se daad van verset en sy gewelddadige optrede (die uitdryf van diere en mense) moet volgens Johannes 2:17 verstaan word vanuit die volgende perspektief: "Die liefde (hartstog) vir u huis verteer my." Hierdie aanhaling uit Psalm 69:10 bevestig die feit dat dit in hierdie gedeelte gaan om die gesag en heiligheid van God. Jesus se optrede is dus nie 'n revolusionêre daad nie, maar 'n reformatoriese daad met die oog op die herstel van die koninkryk van God. "De revolutie breekt de geschiedenis af, miskent de waarde der traditie, loochent elke continuïteit. De reformatie erkent het bestaande, voegt zich in de werkelijkheid in, maar houdt aan het bestaande de norm van Gods wil voor. Daarom is de reformatie nooit geëindigd. Reformatie is niet een daad van een ogenblijk, maar veeleer een houding, die voordurend naar de oorsprong zoekt en zichzelf corrigeert. Reformata quia reformanda" (Smelik 1965:73).

Daar is dikwels in die verlede probeer om op grond van Romeine 13:1-5 geweld (by name militêre geweld) te regverdig. Die swaard in Romeine 13:4 is simbool van die straffende reg waarin iets deurbreek van God se oordeel oor die kwaad en die chaos. Die swaard is daarop ingestel om die chaos teë te werk en te orden; dit word nie bedoel as 'n argument om geweld as sodanig te legitimeer nie. Geweld word nie Goddelik gesanksioneer nie. Slegs die staat as ordeningsinstrument en staatsgesag as struktuur met die oog op die beskerming van die mens se basiese reg op veiligheid en geborgenheid word gelegitimeer. In die swaardmag van die owerheid gaan dit nie om 'n regverdiging van oorlog of militêre geweld nie, maar om 'n erkenning van die feit dat die gesag van die staat dienstig is aan die gesag van God met die oog op die handhawing van die Godsorde, dit wil sê die handhawing van die sjalom van die Godsryk teenoor die chaos van die kwaad. Dit gaan hier om 'n **gesagstruktuur** en nie om 'n beleidsverklaring oor geweld nie.

Die staatstruktuur (nie 'n bepaalde regering of politieke beleid nie) is 'n dienaar van God (Rom 13:4), dit wil sê 'n "diaken" van God. Die staat beklee in 'n sekere sin 'n "diensamp" en is in sy struktuur 'n instrument van God. Daarom dat Calvyn praat van die "amp van die owerheid" (Calvijn s a, IV, XX, 3, 559) wat ingestel moet wees op die

algemene welsyn en vrede van almal. Calvyn sien die uitoefening van die owerheid se mag as 'n beskermende funksie om oproerige bewegings van onrustige mense te onderdruk en om diegene wat deur geweld gedruk word, te help en bose dade te straf (Calvijn 1931, IV, XX, 11, 571). Hy gaan selfs so ver as om van 'n "gewettigde oorlog" te praat. Calvyn is wel bewus dat dit sentraal in hierdie gedeelte gaan om die beskermende funksie van die staat. Tog gaan hy te ver as hy van 'n "gewettigde oorlog" praat.

Prinsipieel gesproke is oorlog en geweld in die lig van die liefdeseis van die Evangelie (Rom 13:8-10) nooit te regverdig nie. Oorlog en geweld bly 'n betreurenswaardige verskynsel van ons sondige lewensbestel. Die Christen kan slegs by wyse van hoë uitsondering in 'n grenssituasie ter wille van beskerming (op 'n defensiewe wyse) by die swaardmag betrokke raak. Selfs dan doen hy dit bloot vanuit 'n noodsituasie om 'n meerdere kwaad deur middel van 'n mindere kwaad (die swaard) af te weer. Die noodsituasie stel hom egter in sy gewete steeds voor 'n etiese opgawe: is alles gedoen om versoening te bewerkstellig en dus geweld te voorkom? Wapengeweld is vir die Christen 'n uiterste nood-oplossing wat met berou en weersin voor God as 'n uiterste noodmaatreël op defensiewe wyse hanteer mag word, sonder om die geweld wat daardeur uitgeoefen word op enige wyse te regverdig. Hier geld nie regverdiging van oorlogsgeweld nie, maar vermyding daarvan en belydenis van eie skuld.

Karl Barth sien die taak van die staat in die bewaring en beskerming van die menslike lewe. Sy taak is om sò gestalte aan die vrede te gee, dat oorlog en geweld oorbodig raak (Barth 1951, III/4, 525). Die oorlog hoort nie by die staat op dieselfde wyse as wat die vrede 'n wesensfunksie van die staat is nie. Vir 'n kerk om te verkondig dat oorlog prinsipieel onvermydelik en daarom prinsipieel geregverdig is, noem Barth 'n "satanische Lehre" (Barth 1951, III/4, 526). Barth staan nie 'n absolute pasifisme voor nie, aangesien oorlog wel 'n moontlikheid is binne 'n abnormale situasie. Wat egter van belang is, is die volgende:

(a) geweld, ook wanneer die staat daartoe in 'n abnormale situasie ('n noodtoestand wat dring tot defensiewe optrede) verplig word, bly 'n "opus alienum" en mag nooit as 'n "opus proprium" gesien word nie;

(b) die kerk moet 'n heilsame afstand teenoor die keiser handhaaf;

(c) die kerk mag nooit deel wees van die aanhitsers en oproeriges nie. "Die Kirche wird sich auf gar kein Fall, sie wird sich auch in extremis niemals unter den Aufregenden befinden und ihre Sprache sprechen dürfen" (Barth 1951, III/4, 527).

Hieruit kan ons konkludeer dat die taak van die kerk wesenlik 'n **pastorale verantwoordelikheid** midde-in 'n situasie van geweld is, en nie 'n **destruktiewe aanhitsing** tot geweld nie. Vir die kerk self is geweld 'n geheel en al vreemde en ongeoorloofde medium. Die kerk staan in die teken van die kruis en nie in die teken van die swaard nie.

Pastoraat staan altyd in die teken van die weerloosheid van die lydende Christus. Destruktiewe geweld en pastoraat sluit mekaar uit; "es ist nicht der Weg des Friedens, wenn jedermann das Seine zurückfordert und kein Unrecht leiden will" (Schrey 1984:171). Die aanwending van destruktiewe geweld bring die geloofsdimensie van die pastoraat in die gedrang. Hoe ver kan die mens gaan om gewelddadig probleme op te los voordat sy sogenaamde opruimingswerk in die naam van God 'n mosie van wantroue in die trou van God word? "Die letzte Entscheidung über die sittliche Legitimität von Gewalt bzw. Gewaltlosigheit wird kaum auf dem Boden einer humanistisch orientierten Ethik zu treffen sein, denn sowohl die eine wie die andere Position nimmt für sich, den Gesichtspunkt der besseren Gerechtigheit in Anspruch. Sie wird fallen müssen vor dem Hintergrund einer geschichtstheologischen Vorentscheidung, ob es den Menschen überhaupt gegeben ist, die Macht des Bösen in diesem Äon zu bannen oder ob allein Gott die entscheidende Wende der Geschichte herbeiführt" (Schrey 1984:175).

Konstruktiewe hantering van konflik en geweld plaas die pastor altyd in die posisie van 'n bemiddelaar sonder om finaal kant te kies. Pastoraat wat vir een party kant kies, verloën sy sentrale funksie van onpartydige en onvoorwaardelike deernis en troos. Om kant te kies binne die ingewikkelde Suid-Afrikaanse samelewing en komplekse aard van tussengroepverhoudinge, loop die gevaar om met jou keuses te verval in die greep van een of ander ideologie. Vandaar die

opmerking van G Heitink: "Vereenzelviging van theologische en politieke keuzen leidt al gauw tot een opdringerig pastoraat en het bij voorbaat uitsluiten van mensen. Pastoraat wil mensen in hun eigen ontwikkeling en levensverhaal serieus nemen en zich daarbij richten op alle mensen, armen èn rijken, vrouwen èn mannen" (1983:76).

Die pastor is veeleer 'n intermediêr vir die kom van God deur sy Woord na die mens en wêreld (J Firet). Dit is 'n intermediêr-wees wat binne tussengroepverhoudinge die funksie van 'n bemiddelaar oorneem en destruktiewe geweld uitskakel. Pastoraat binne die koinonia van die liggaam van Christus is altyd helend en herstellend. Die Christelike koinonia is as versoenende gemeenskap die uitdrukking van pastoraat as vergifnis. "Always it is forgiveness, not violence, which is cathartic" (Guinness 1973:189). Vergifnis kom slegs deur middel van konstruktiewe bemiddeling. "Sometimes the Christian must have the courage to stand with the Establishment, speaking boldly to the radicals and pointing out the destructive and counterproductive nature of their violence. At other times he will stand as a co-belligerent with the radicals in their outrage and just demands for redress. The Christian is co-belligerent with either or both when either or both are right, but he is also fearless in his opposition to either or both when they are wrong" (Guinness 1973:186).

### 1.2.4 Geweld en ideologie

Een van die tergendste vraagstukke in die hantering van konflik is die verband tussen geweld en **ideologie.** Dit is veral binne die intergroepsproblematiek van die Suider-Afrikaanse lewensbestel, dat die identifisering van bepaalde ideologieë grondliggend aan die gewelddadige optrede en die aggressiewe gedrag van botsende partye 'n belangrike taak van die pastoraat is.

Onder **ideologie** verstaan ons

(a) 'n organiese geheel (sisteem) van idees gesentreer rondom 'n bepaalde basiese waarde wat die werklikheid vanuit een, eensydige en verabsoluteerde perspektief benader;

(b) 'n versteurde waarneming van die werklikheid as gevolg van 'n valse of gemaskerde bewussyn wat tot gevolg het dat die werklikheid verdraaid geïnterpreteer word ten einde in te pas by 'n voorveronderstelde motief: selfregverdiging;

(c) 'n geheel van opvattinge (lewensbeskouinge) met die oog op aksie en verandering in die rigting van 'n vooropgesette idee. "Ideology is understood here as an action-related system of ideas and institutions, intended to change or defend an existing socio-economic order" (Leatt 1986:282);

(d) 'n verabsolutering van 'n bepaalde aspek van die werklikheid tot 'n totaalbeeld van die werklikheid met die uitskakeling van enige alternatiewe perspektief. Ideologie word dan totalitêr - dit word die finale antwoord op die mens se bestaansvrae.

Pastoraat as betrokkenheid by die basiese eksistensiële nood van mense sal 'n bepaalde ideologie (in geval van die RSA die apartheidsideologie) moet identifiseer ten einde deur te dring na die dieperliggende behoeftes van mense. So, byvoorbeeld, is konflik binne interkerklike verhoudinge in die RSA dikwels nie 'n verskil net ten opsigte van ekklesiologie nie, maar in ideologie. Dit is ten diepste 'n verskil in politieke, ekonomiese, sosiale en psigologiese belange. Ten einde in die pastoraat nie die ekklesiologiese konteks van die onderhandelingsprosedure uit die oog te verloor nie, moet die kerk deeglik tussen ideologie en eksistensiële nood onderskei. Die pastoraat moet dus duidelikheid verkry oor sy eie voorveronderstellinge en doelstelling ten einde te verseker dat dit in die hulpverlening nie gaan om 'n idee nie maar om 'n lewende Persoon: Jesus Christus, die Middelaar. Pastoraat is ten diepste die bemiddeling van hierdie heil: die plaasvervangende werk van die Middelaar, Jesus Christus. Pastoraat beoog wesenlik heilskonsentrasie en heilskonkretisering binne die hier en nou van ons bestaan.

### 1.2.5 Konflikstyle

In konflikhantering bestaan daar vir die pastoraat die volgende twee alternatiewe modelle:

(a) **Die destruktiewe model** (wat prinsipieel onaanvaarbaar is). 'n Destruktiewe model maak van die volgende konflikstyle gebruik.

**Gewelddadige konfrontasie** - 'n dergelike styl versterk die vervreemdingsproses tussen groepe en laat die negatiewe emosies soos woede en haat uitmond in destruktiewe gedrag.

**Vermyding** - 'n Vermydingstyl ontken die werklikheid en maak van verdedigingsmeganismes soos byvoorbeeld projeksie gebruik. Ontkenning is 'n vorm van ontvlugting of onderdrukking en laat die frustrasie van mense in intensiteit toeneem.

**Manipulasie** - Hierdie styl wil op 'n indirekte wyse mense beïnvloed en verander. Manipulasie skep egter onegtheid en valsheid wat die ontvanger magteloos en minderwaardig laat voel.

(b) **Die konstruktiewe model** (uitgangspunt van die pastoraat). 'n Konstruktiewe model sluit die volgende style in:

**Onderhandeling** - Onderhandeling soek na 'n skikking deur te kyk na alternatiewe bronne en moontlikhede. Dit handhaaf 'n onderskeidingsvermoë tussen dit wat kan verander in 'n situasie, en dit wat basies onveranderlik is. Ten diepste is onderhandeling 'n saamsoeke met die oog op die bereiking van **konsensus.**

**Kompromie** - Indien die obstruksie baie groot is en daar onoorbrugbare faktore bestaan wat 'n finale skikking bedreig, is kompromie daardie styl waarin die twee groepe bereid is om elk iets op te offer (toegee-styl) ten einde mekaar halfpad te ontmoet.

**Samewerking** - Hierdie styl maak gebruik van 'n gesindheid van **onvoorwaardelike aanvaarding** van mekaar met die oog op wederkerige diens.

**Versoening** - Versoening is gebaseer op opoffering en vergifnis. Dit is ook 'n gestalte van die Christelike liefde, naamlik om die ander te skenk wat hy mis en benodig om anders te kan lewe: genade.

Die sentrale faktor in die konstruktiewe model vir konflikhantering is die versoeningskomponent. Die belangrike vraag is nou of hierdie komponent omgebou kan word tot 'n pastorale model wat enersyds rekening hou met die eiesoortige teologiese karakter van die pastoraat en andersyds daarin kan slaag om nie vaag en abstrak te wees nie, maar konkreet 'n aksieprogram te ontwerp met die oog op 'n radikale verandering van die huidige situasie. So 'n program sal teologies-eties gesproke nie op destruktiewe geweld gebaseer kan word nie. 'n Pastorale program wat nie gewelddadig is nie, is nie noodwendig passief nie. Dit is veeleer 'n poging om realisties en konstruktief op te tree. "Deep and long-lasting change is not brought about by revolution but by reconciliation and reconstruction" (Guinness 1973:188).

## 2. Die versoeningsmodel as brugmodel vir tussengroepkonflikte

"Doing theology" is as pastoraat ten diepste die bediening van die versoening (2 Kor 5:18). Die bediening van die versoening bring die pastoraat onmiddellik in 'n klas van sy eie. Enige **paaitegnieke** is 'n karikatuur van versoening. Op dieselfde wyse is enige **vergeldingstegniek** 'n vertekening van die evangelie. Die uniekheid van die versoeningstyl is daarin geleë dat dit die bemiddelaar terugstuur na die kruis. Versoening veronderstel 'n proses van selfkruisiging, dit veronderstel 'n daad van God wat die dood van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens beteken. Versoening dring ook deur na wat grondliggend in alle konflik aanwesig is: die **skuldfaktor.**

### 2.1 Die skuldvraagstuk

Grondliggend in konflik is daar 'n veg-(aanval)-en-vlug (onttrekking)-sirkel wat van **beskuldiging** en **skuldontkenning** gebruik maak. Dieper as wrede haat, aggressie en frustrasie

is daar in 'n konfliksituasie die faktor van **skuld** en **skuldgevoelens.** Die botsende partye probeer altyd om eie verantwoordelikheid te ontduik deur 'n sondebok te probeer aanwys. Hierdie **sondeboksindroom** rem die konstruktiewe proses van konflikoplossing. Daarom maak die RGN-verslag oor tussengroepverhoudinge die volgende opmerking: "Hierdie aanwys van die sondebok (die **Engelse** teenoor die Afrikaners, die **Boere** teenoor die Swartmense, die **kapitaliste** teenoor die werkersklas, ens, is waarskynlik een van die kragtigste **argetipes** wat groepvooroordeel versterk en die konflikgeoriënteerde verwysingsraamwerk potensieel aanmoedig" (RGN-verslag 1985:79-80).

Pastoraat, as bediening van die versoening, neem sy vertrekpunt in die plaasvervangende werk van Jesus Christus, die Middelaar. (Die sondebok wat reeds in die plek van sondige mense gesterf het en hulle skuld weggedra het.) Die vrede wat pastoraat beoog is dus nie 'n afwesigheid van konflik of die verposing tussen twee oorloë nie. Dit behels nie 'n gevoel van tevredenheid en rustigheid nie. Vrede, as versoening, is vir baie Christene dikwels 'n subjektiewe ervaring. "Peace today in Christian circles frequently describes a purely individual, highly subjective experience that is only a shadow of the biblical meaning. Peace is inner calm tranquility, good feelings, the quiet conscience that follows when God has released a sinner from guilt" (Kraybill 1980:7). Werklike Bybelse vrede en versoening oorstyg die subjektiewe en inwendige persoonlike ervaring van tevredenheid en inherente intaktheid. Vrede is uitdrukking van die nuwe orde van versoening op grond van Christus se verlossingsdaad. Vrede is wesenlik die heil van God as nuut skeppende handeling van God Drie-enig. Dit dui op 'n radikaal nuwe verhouding tussen God en mens. Kortom, vrede en versoening beskryf 'n nuwe **objektiewe toedrag en toestand van sake.** "Shalom describes an entire state of well-being, health, happiness, material security, harmony with neighbours, justice, economic equality and spiritual integrity" (Kraybill 1980:8).

Pastoraat as bediening van die versoening het die verantwoordelikheid om in sy betrokkenheid by die nood van mense deur die Heilige Gees 'n gestalte van hierdie nuwe orde op te rig. Die volgende is die belangrikste gestaltes van vrede wat pastoraal bemiddel moet word binne tussengroepverhoudinge:

Barmhartigheid en geregtigheid
Solidariteit en empatie (liefde)
Afstand en vermaning (teregwysing)
Konstruktiewe verandering en geloofsopbou
Eenheid en koinonia
Vernuwing en bekering
Genade en vergifnis.

Bediening van die versoening is in hierdie gestaltes vrug van die versoening en nie hardhandige of eiegeregtige grepe op die komende Godsryk nie. Daarom pas dit by die pastoraat om hierdie tekens op te rig in die houding van skroom, geduld, vriendelikheid, opregtheid en selfopofferende nederigheid.

Wanneer dit in 'n versoeningsmodel daarom gaan om strydende partye bymekaar uit te bring, moet die pastoraat tussen skuld en skuldgevoelens onderskei. Skuldgevoelens het te make met mense se persoonlike emosionele reaksie in 'n situasie wat eie tekortkominge, ontoereikendhede en mislukkings aksentueer. Skuldgevoelens is binne daardie persone se eie verwysingsraamwerk reëel en eg. Die pastor moet daarvoor sensitief wees en die persone of groepe help om die oorsake van hul skuldgevoelens te erken. Skuldgevoelens lê op die vlak van die subjektiewe reaksie. Daarom moet bepaal word of dit bloot aanduidinge is van 'n persoonlike mislukkingsreaksie en of dit uitdrukking is van mense se skuld.

Skuld is meer as 'n emosionele reaksie (skuldgevoel). Tog sluit dit nie so 'n reaksie uit nie. Skuld ontstaan binne die mens se verhouding tot God en sy medemens. Dit het te doen met sonde as 'n geblokkeerde verhouding waarin die mens nie aan sy Goddelike bestemmingsfunksie beantwoord nie. Dergelike skuld hang saam met 'n direkte en bewustelike (soms onbewustelik en indirek) oortreding van norme soos uitgespel in die Skrif en bepaalde ordereëlings soos dit binne juridiese, sosiale of persoonlike vlak in wette, kodes of waardesisteme tot uitdrukking kom.

Die doel van pastoraat as versoenende hulpverlening in tussengroepkonflikte is om mense te bring tot 'n eerlike evaluering van hul lewe voor God. Hieruit ontwikkel dan 'n skuldbesef waarvan berou 'n teken van die egtheid van die skuld is. Berou is dan nie bloot jammergevoelens nie, maar 'n erkenning van die misbruikte vryheid en verantwoordelikheid

teenoor God en medemens. Berou is dan die getref wees deur jou skuld op eksistensiële vlak, met die behoefte aan verandering en herstel. Dit is in hierdie opsig dat pastoraat **vergifnishulp** is, en kan verkondig: jou sondes is reeds vergeef. Vergifnis is 'n daad van Gods genade en word in die pastoraat 'n toesegging aan mense. Dit is hierdie tipe van bevryding wat in die eerste plek beoog word. Alle ander vorme van bevryding (bv sosiale aksies met die oog op die verandering van die situasies) moet met hierdie bevrydingsdaad van God rekening hou.

Wanneer hierdie gedagtes op die probleem van tussengroepverhoudinge in die RSA van toepassing gemaak word, kan ons **protes** as die mees legitieme metode beskou waarvan die pastoraat gebruik kan maak ten einde op 'n krities-konstruktiewe en vermanende wyse by die sosiale, maatskaplike en politieke veranderingsprosesse betrokke te raak. Onder protes word dan nie 'n negatiewe aksie verstaan nie. Protes beteken om te staan vir die waarheid en te getuig vir.... Protes is om te protesteer vir.... Protes is as legitieme pastorale handeling 'n daad van diens (**diakonia**) en getuienis (**marturia**). Daarom dat die egte Christelike protes 'n kruisweg beteken. Dit beteken die offer van afstand doen van eie selfbelang en die soek van die belange van die ander. Protes moet 'n aanduiding wees van die gesindheid van Jesus Christus: die prioriteit van die ander se belange. Protes is as pastorale aksie die bereidwilligheid om selfs onreg te ly.

## 2.2 Die probleem van vergelding

Vir die pastoraat is dit belangrik om in die protesaksie van die gelowige rekening te hou met die vraag: wat is die grondliggende **motief** in so 'n protesaksie? Want dit is juis op hierdie dieperliggende vlak dat die menslike emosie 'n goedbedoelde versoeningsaksie in die wiele kan ry. Dit is ook op die vlak van motiewe en emosies dat die moeilikste deel van die versoeningstaak van die kerk lê. Die probleem van motief en emosie bring ons dus by die **probleem van vergelding.** Wat mense dikwels onder versoening verstaan is niks anders as 'n tydelike opskorting van negatiewe emosies nie, met as doel om die persoon net op parool uit te laat. **Versoening as parool** beteken dan om die ander een dop te hou sodat wanneer hy weer fouteer jy hom op sy foute kan vaspen en op so 'n wyse eintlik wraak neem op die vorige sogenaamde vergeefde oortredings. Versoening as parool is 'n

vertekening van die ware versoening; dit maak van onvoorwaardelike vergifnis voorwaardelike vergifnis. Dan verloor vergifnis sy genadige karakter en word dit genadelose berekendheid.

In Matteus 5:38-42 gaan Christus juis in op die hele kwessie van wraak en vergelding. In plaas van die wraak en vergelding stel Christus in die Bergrede die eis van die vyandsliefde. Wanneer Jesus dan die "oog vir 'n oog" en die "tand vir 'n tand" uitbrei met 'n "maar Ek sê vir julle," wil Jesus nie die Bergrede teenoor die wetgewing van Eksodus 21:24; Levitikus 24:20; Deuteronomium 19:21 stel nie, maar juis die oog vir 'n oog van die Ou Testament verdiep en uitbrei. Die oog vir 'n oog in die siviele wet van die Jode was nooit bedoel om die individu die reg op eiehandige wraakneem te gee nie. Die oog-vir-'n-oog-formule moet verstaan word teen die agtergrond van die gebruike van die Nabye Ooste. Volgens die gebruike van die heidense volkere was daar 'n ongeskrewe wet: die oog van die hele volk vir die een oog van 'n makker; die hele gebit vir die een tand van 'n volksgenoot. Die oog-vir-'n-oog-formule is nou in die Ou Testament bedoel om die reg en die vrede tussen mense te herstel. In plaas van oordrewe uitbuiting en vergeldingsaksies, is daar nou die versoeningsaksie van die reg. Net omdat die ander persoon 'n heiden is, het dit die Israeliet nie die reg gegee om die hele gebit vir een tand te eis en dus grensloos op te tree nie. Die oog-vir-'n-oog-formule beteken dat daar 'n regverdige verhouding tussen misdaad en straf moet wees; dat almal gelyk en regverdig behandel moet word; dat die tand van 'n ryke net soveel werd is as die tand van 'n arme; dat in plaas van grenslose geweld daar die balans van vredevolle versoening moet heers.

Ongelukkig het die mense, byvoorbeeld die Fariseërs, uit wat bedoel was om die versteurde orde van die kwaad met die nuwe orde van die reg in die versoening te herstel, 'n voorskrif vir die individu gemaak. Die individu se reg tot selfhandhawing word met die oog-vir-'n-oog-formule die sonde van weerwraak, naamlik om iemand in gelyke munt terug te betaal. Weerwraak en vergelding is egter sonde in die oë van God omdat sulke aksies neerkom op 'n mosie van wantroue in die reg wat God self sal handhaaf in sy oordele. Weerwraak is 'n teken van ongeloof - die mens vertrou nie God in sy regverdige oordele nie.

Jesus gebruik nou vier voorbeelde om die nuwe liefdestyl van die koninkryk van God konkreet binne die sosiale leefmilieu van die Israeliet uit te beeld.

(a) So, byvoorbeeld, is die slaan op die regterwang 'n teken van diepe belediging en krenking. Die draai van die ander wang beteken nou dat in plaas van weerstand te bied, die persoon wat versoenend wil optree met geduld en selfbeheersing moet reageer.

(b) Die neem van die onderkleed dui op die beskadiging van die mens se diepste regte en menswaardigheid. Die onderkleed het in die geval van skuld as 'n pand gedien. Dit moes egter teen die aand weer aan die persoon terugbesorg word. Wanneer iemand dus jou basiese regte as mens aantas deur nie die onderkleed teen die aand terug te gee nie, beveel Jesus aan dat jy hom ook die bokleed nie sal weier nie. Die bokleed was 'n unieke kledingstuk. Dit was deel van die Semiet se persoon. Sy hele bestaan was daarmee verweef. Dit het sy menswees beskerm en hom teen koue en blootstelling beskerm. Jesus vra nou: 'n nakende liggaam in plaas van weerwraak - dit wil sê 'n daad van opofferende diens en barmhartigheid in plaas van vergelding.

(c) Wanneer iemand iets van jou vra moet jy sonder enige voorwaardes of reserwes kan uitleen en weggee. Die vra van iets dui op 'n eis wat op 'n dwangmatige wyse op jou afgeforseer word. Die onbaatsugtigheid van diens en die vrygewigheid van die liefde word getoets wanneer die gelowige sal leen sonder om enige rente te vra.

(d) Die loop van een kilometer sien op 'n baie vernederende praktyk in Palestina. Die woord vir dwang in Matteus 5:41 is 'n Persiese leenwoord wat op gedwonge militêre diens slaan. Daar was die gebruik by die Romeinse soldate wanneer hulle 'n swaar pak dra, om die Jood te dwing om hierdie pak 'n ent te dra. Die Romeine het daarin 'n behae geskep om die Jood te dwing om hierdie taak te verrig wanneer hy na die tempel op pad was en hom sodoende diepgaande te verneder. Die dra van die Romeinse

militêre bagasie het die Jood onrein gemaak en ongeskik vir die tempel-aanbidding. Mens kan jou nou in die posisie van 'n ortodokse Jood onder die bagasie van 'n gehate Romein indink. Hy het dit al vloekende en skellende gedoen. En nou kom Jesus en sê: in plaas van haat moet jy die pak twee kilometer dra. In plaas van die plig en dwang van 'n kilometer, die spontane diens van twee kilometer. Dit is die ekstra van die naasteliefde wat die Christelike lewenstyl bo die middelmatigheid van verpligtinge verhef tot die vlak van die uniekheid van Christelike liefdesdiens. Met die vreugde van die Evangelie moet die bagasie van die Romein op so 'n wyse gedra word, dat sy onreg en wreedheid ontmasker word en hy rooi van skaamte voor God en sy naaste staan. Die vyand moet dus in sy onreg nie met wraak terugbetaal word nie, maar met die liefde van die evangelie. Jesus wil dus die Christen leer dat vir 'n versoeningsaksie jy nooit jou emosies en normale drif vir die hantering van menseverhoudinge normatief moet maak nie. In plaas van drif en emosie is daar die daad van die liefde en die onbaatsugtige, self-opofferende styl van die liefde. Die protes van die gelowige moet dus altyd gegiet wees in die nuwe styl van die koninkryk van God: nie vergelding nie, maar self-opofferende liefde. Sô word die koninkryk van God in sy geregtigheid konkreet gesoek en binne menseverhoudinge sigbaar gerealiseer. In plaas van die emosie van aggressie en haat, is daar by die ware Christelike protes net die volgende motief: versoening en verandering met die oog op 'n nuwe verhouding van onderlinge liefde.

### 2.3 Die praktyk van 'n versoeningsprogram

**Wat is nou die praktiese voorwaardes waaraan 'n versoenings-program moet voldoen ten einde vrede te bring?** Hoe gaan die pastor as 'n bemiddelaar van vrede binne 'n onstabiele situasie van konflik te werk?

2.3.1 Skep 'n atmosfeer van **vertroue** en 'n wedersydse bereidwilligheid by alle partye vir 'n **probleem-oplossende** benadering. Albei moet gewillig wees om van alle vergeldingsmetodes af te sien.

2.3.2 Laat elke party hulle **motief** ontleed. Waarom wil die betrokkenes by 'n vredesoffensief betrokke raak? Die pastor het hier die taak om te werk aan 'n versoeningsklimaat deur middel van 'n veranderde gesindheid wat geskep word by individue wat by die versoeningsaksie betrokke is.

2.3.3 Ontwikkel **proses-faktore** met die oog op 'n progressiewe en evolusionêre ontwikkeling- en veranderingsproses.

* Albei partye moet bereid wees om hul behoeftes en doelstellinge, ten spyte van moontlike teenkanting, eerlik te artikuleer. **(Behoefte-identifikasie)**

* **Relevante informasie** moet beskikbaar gestel word. Informasie moet akkuraat en ter sake wees. **(Situasie-analise)**

* Alle **alternatiewe bronne** moet ontleed en ontgin word ten einde aan kompeterende behoeftes en belange uitdrukking te gee. **(Bron-ontginning)**

* Feite moet van die probleem onderskei word; so ook gevoelens grondliggend aan die probleem. **(Probleem-analise)**

* Partye moet gehelp word om die probleem te pak en nie mekaar nie. **(Probleemoplossende gedrag)**

2.3.4 Skep 'n **werkbare forum** met realiseerbare toekomstige beloftes. 'n Dergelike forum moet daarop ingestel wees om 'n koöperatiewe skikkingsproses op gang te bring.

2.3.5 Gee **gelykwaardige status** aan elke groep. Albei partye moet dus mekaar ontmoet as gelykwaardige partye. Die een groep moet nie die sterkere wees wat teenoor die swakkes te staan kom nie. Albei partye moet gedurende die onderhandelingsproses die ervaring kry

dat hulle saam kan wen. 'n Wen-verloorstyl werk kontra-produktief.

Gedurende die onderhandelingsproses moet die pastor, ten einde uitdrukking aan die teologiese karakter van die versoeningsmodel te gee, voortdurend die volgende benadering genereer: nie **wie** is reg nie, maar **wat is reg.** Die wàt dui op die saakkarakter van die onderhawige probleem. In die lig van die eiesoortige Suider-Afrikaanse problematiek, is hierdie **wat** of **saak** wat op die spel is die saak van menswaardigheid en menseregte in die lig van die beginsel van naasteliefde en geregtigheid.

**Wat is nou die rolfunksie van die pastor as bemiddelaar van vrede? Wat is sy konkrete rol as vredemaker?** Hierdie vraag kan ook as volg gestel word: **Wat is die taak van die kerk as vredemaker?**

**Waarnemer.** Hiermee bedoel ons dat die kerk en die pastoraat onbevooroordeeld sal **luister.** Luister na die griewe en wees beskikbaar.

**Vriend-wees.** Soek die ander se belange en raak betrokke by die nood van individue. Probeer om deur die sluit van vriendskappe vervreemding teë te werk.

**Legitieme beoordelaar.** Help veral die swakkere party om hul selfbeeld te bou en 'n geloofwaardigheidsklimaat te skep met die oog op onderhandeling. Beoordeel steeds die situasie op 'n konstruktief-kritiese wyse.

**Advokaat** (segsman). Neem die saak van die swakkere groep op en beskerm hul belange. Praat in belang van die swakkere groep met diegene wat in 'n magsposisie is. Die etiese kwessie van menseregte behoort voorkeuraandag te geniet.

**Skeidsregter.** Gedurende die onderhandelingsfase moet 'n objektiewe figuur voortdurend probeer om gelyke kanse vir albei groepe te skep. Ontgin alle bronne deur

middel van deeglike wetenskaplike studie wat vir die betrokke area ter sake is.

**Generator.** Genereer strukture met die oog op konstruktiewe verandering. Strukture wat 'n skikking in die wiele ry moet deur middel van onderhandeling, kritiek en protesaksies uit die weg geruim word en met meer dinamiese strukture vervang word. In die veranderingsfase van die onderhandelingsprosedure moet die bemiddelaar voortdurend sensitief bly vir oop kommunikasiekanale, en dus van 'n dialogiese model gebruik maak.

**Bemiddelaar.** Soek na gemeenskaplike en bindende faktore. (In die geval van die pastoraat die geloofskomponent.) Help albei groepe tot gesamentlike besluitneming en die ontwerp van 'n program wat gerig is op 'n saamdoen-projek. Sodoende leer die groepe mekaar ken en kan vooroordele afgebreek word. Moedig albei groepe aan om eerlik te wees, skuld te bely en vergifnis onvoorwaardelik aan te bied.

**Vredemaker.** 'n Vredemaker probeer nie om die konflik net tot 'n minimum te reduseer en om die emosies te ventileer ten einde aangename gevoelens te kweek nie, maar moet spesifiek aksies op gang bring wat op die konkrete verandering van die konfliksituasie gerig is. "Rather than merely aiming to reduce conflict, the peacemaker must distinguish constructive from destructive conflict, and understand his or her goal as supporting constructive forms of conflict which can bring needed change" (Kraybill 1980:20). Dit is veral belangrik dat aktiviste nie geïgnoreer word nie. Oënskynlik is die aktivis altyd negatief ten opsigte van enige vorm van onderhandeling. Wanneer daar egter in 'n konflik 'n onewewigtige magstryd is, is die aktivis 'n belangrike faktor. Die aktivis bundel 'n geweldige hoeveelheid psigologiese kragte en momentum wat, as dit reg gekanaliseer word, op die ou end konstruktief aangewend kan word.

Wanneer ons hierdie versoeningsmodel moet toets aan die werklikheid van die politieke krisis in Suid-Afrika, is dit 'n aktuele vraag of hierdie model enige kans op sukses het. Wie dink vanuit die werklikheid van die twee gepolariseerde

groepe in Suid-Afrika, naamlik die radikale blanke groep en die radikale swart groep, kan nie anders as om skepties te reageer nie. Want binne hierdie uiterste twee vorme van polarisering gaan dit om 'n blanke groep wat uit is op selfhandhawing deur middel van 'n apartheidsideologie. In die swart groep gaan dit om die radikale standpunt van die onderdruktes, naamlik verandering as 'n revolusionêre omverwerping van die bestaande orde. In die lig van hierdie radikale twee standpunte is dit te verstane waarom die Kairos-dokument tot die volgende slotsom kom: daar is geen kompromie moontlik nie en in plaas van versoening is die enigste sinvolle alternatief: konfrontasie - "a biblical theology of direct confrontation with forces of evil rather than a theology of reconciliation with sin and the devil" (Documentation 1985:69).

Volgens hierdie dokument is die basiese stryd vir die kerk diè tussen geregtigheid en ongeregtigheid; tussen God (die God van die onderdruktes) en die duiwel (die regering as die onderdrukker). Hierdie twee pole is basies onversoenbaar. "To speak of reconciling these two is not only a mistaken application of the Christian idea of reconciliation, it is a total betrayal of all that the Christian faith has ever meant" (Documentation 1985:69). Van wedersydse gesprek, dialoog en onderhandeling in 'n dergelike gepolariseerde gemeenskap: die sondebokke (onderdrukkers, duiwel-besetenes) en die onskuldiges (die onderdruktes, onreg-lydendes) is daar hoegenaamd nie sprake nie. 'n Versoeningsmodel kan volgens hierdie standpunt net slaag indien daar 'n radikale bekering by die onderdrukker plaasvind. En omdat so 'n moontlikheid by voorbaat reeds uitgesluit is (gegewe die huidige situasie in die RSA) is 'n konflikmodel die enigste sinvolle alternatief. Die onderdruktes word in die RSA daartoe gedwing om as gevolg van die probleem van strukturele ongeregtigheid van enige hervormingspoging af te sien. Strukturele verandering word nie verkry langs die weg van individuele bekering nie, maar langs die weg van weerstand, selfverdediging, drukuitoefening en die gebruik van "physical force." "To call all physical force 'violence' is to try to be neutral and to refuse to make a judgement about who is right and who is wrong" (Documentation 1985:72).

Die Kairos-dokument pleit vir 'n Christelike hantering van die krisissituasie in die RSA wat Bybels, geestelik, pastoraal en profeties van aard sal wees. Die vraag is net, wanneer by voorbaat klaar besluit is wie alleen is reg en wie is

verkeerd, of die pastorale weg van versoening nog op 'n kerklike wyse ingeslaan kan word? Dit beteken dat God by voorbaat kant gekies het vir die onderdruktes teen die onderdrukkers. "Unity and reconciliation within the Church itself is only possible around God and Jesus Christ who are to be found on the side of the poor and the oppressed" (Documentation 1985: 79). In die aksieprogramme van die kerk moet die kerk dan homself identifiseer met diegene wat die onderdrukking weerstaan en stry vir bevryding en geregtigheid; die kerk moet nie 'n "bastion of caution and moderation" wees nie, maar moet mense inspireer, motiveer en uitdaag.

In sy boek **Alles is politiek maar politiek is niet alles** wys H M Kuitert op die wesenlike gevaar dat 'n kerk wat hom so volledig met politiek identifiseer, heeltemal verpolitiseer kan raak. Die gevolg is dat die kerk op die ou end nie meer waarlik kerk is nie maar in sy aksieprogramme ook nie die politiek 'n guns bewys nie. Volgens Kuitert is politiek in sy ideale en belangstelling op resultate en die realisering van belange via aksieprogramme ingestel. Hierdie proses van realisering gaan altyd gepaard met 'n magstryd. "Daarom is een definitie van politiek waarin de strijd om de macht niet wordt genoemd, zo nietszeggend" (Kuitert 1985:166). As gevolg van hierdie magstrydfaktor kan die Christelike geloof nie in politiek opgaan nie. Alhoewel dit waar is dat politiek op die algemene welsyn van die mens ingestel behoort te wees, kan die kerk nie in sy betrokkenheid met 'n konsep van welsyn volstaan nie. Die kerk moet op 'n kerklike wyse by die Christelike geloof betrokke wees en slegs van daaruit die politieke werklikhede hanteer.

In die Christelike geloof gaan dit om die **heil** in Christus wat meer as die algemene welsyn van mense beoog. "De doden worden door de politiek niet weer levend. Er is geen politiek die naar het Messiaanse Rijk voert" (Kuitert 1985:12). Juis vanweë die eiesoortigheid van die heilskategorie, kan die kerk nie in 'n magstryd, waarin dit gaan om die realisering van politieke ideale, direk betrokke raak en sodoende misbruik word nie. Om die kerk te laat opgaan in 'n "religie van doeners" is om die mens en sy situasie te oorskat. Godsdiens wat by uitstek opgaan in menslike dade, werk met 'n ooroptimistiese mensbeeld. 'n Daadgodsdiens is geneig om die Godsryk vóórtydig op eie houtjie self te wil realiseer. Die koninkryk van God word in elk geval nie gerealiseer via die magstryd van strydende faksies nie, maar binne die perspek-

tief van die geloof en die eiesoortigheid van die kerklike diakonia.

Dit is duidelik dat Kuitert se waarskuwing dat 'n reduksie van die kerk tot 'n politieke aksieprogram en 'n opgaan in dade, maklik kan lei tot 'n fanatieke selfoorskatting. Dit is die probleem met die Kairos-dokument dat daar geen alternatief oopgelaat word nie. Die enigste oplossing vir die situasie in Suid-Afrika is radikale dade wat op konkrete bevryding ingestel is. Selfs die oproep tot 'n profetiese teologie behels 'n "ministry of involvement and participation." Hierdie betrokkenheid veronderstel 'n profetiese teologie "that does not give the impression of sitting on the fence but is clearly and unambiguously taking a stand" (Documentation 1985:73). 'n Dergelike konkrete standpunt-inname beteken 'n daadwerklike betrokkenheid ten gunste van die onderdruktes teen die onderdrukkers. Die gevaar in so 'n by voorbaat standpunt-inname, noem Kuitert 'n **oppervlakkige cowboy-Christendom**. "Het verdeelt de wereld in 'the good guys' en 'the bad guys' en deelt zichzelf steevast bij de goeden in. Dat is een zeldzaam oppervlakkig cowboy-christendom" (Kuitert 1985:216).

Vanweë die feit dat die Kairos-dokument volledig kies vir die een groep ten koste van die ander op die basis van goedsleg: reg-boos maak dit die Christelike konsep van versoening onmoontlik en onwerklik. "The conflict is between two irreconcilable causes or interests in which the one is just and the other is unjust" (Documentation 1985:73). Die feit is dat die dokument versoening sien as voorwaardelik, dit wil sê eers wanneer die een groep volledig bekeer is kan daar van onderhandeling sprake wees. Hierdie standpunt veroorsaak dat die Bybelse karakter van die onvoorwaardelike versoeningswerk van Christus in gedrang kom. In elk geval beteken die praktyk van versoening tussen twee strydende groepe kerklik gesproke nie 'n poging tot sintese tussen twee radikaal antiteties gepolariseerde groepe nie. Versoening beteken plekke omruil met diegene wat ly. Versoening beteken wegneem van die vyandskap deur die onvoorwaardelike betrokkenheid van die agapê. Versoening beteken uitreiking met die evangelieboodskap van genade. Hoe anders kan die onderdrukte die onderdrukker verander en beïnvloed as die kerk nie die weg van getuienis (marturia) opgaan nie?

Die versoeningsmodel in hierdie pleidooi om vrede is nie ingestel op òf 'n paaitegniek, òf 'n vergeldingstegniek, òf 'n

kunsmatige sintese nie. Die versoeningsmodel is ingestel op verkondiging van God se genade; vermaning vanuit die Skriftuurlike eis van geregtigheid; troos vanuit die ontferming van God die Vader, heling en verandering vanuit die kragveld van die Heilige Gees. Indien versoening waarlik 'n kerklike aksie is en nie 'n oppervlakkige truuk of 'n fanatieke politieke aksie nie, moet hierdie versoening staan in die teken van die oorwinningsaksie van die Heilige Gees. Versoening is 'n pneumatologiese moontlikheid op grond van 'n soteriologiese werklikheid. Die kerk kan en mag die effektiwiteit hiervan nie by voorbaat vanuit 'n polities-gestruktureerde aksiemodel in twyfel trek nie. Die geloof onderskat wel menslike aksies gebaseer op vooroordele; die geloof kan nooit die kragdadige veranderinge van die Gees van God onderskat nie.

Binne die voorafgaande versoeningsmodel kan ons opsommenderwys sê dat die basiese funksie van die pastoraat is:

(a) **Die voorkoming van geweld en konflik.** Dit word teweeggebring deur die verandering van mense se selfbeeld, gesindheid en lewenswaardes. Dit word verder bewerkstellig deur die verandering van strukturele faktore wat konflik-generend inwerk, deur 'n verskuiwing weg van 'n suksesmoraal na 'n diensmoraal. In die werk **Views on violence** wys J T Cook op die belangrike rol wat voorkoming kan speel. "If we do not want violence then we shall have to teach our people pastorally the twin skills of acting non-violently themselves and influencing social institutions to become non-violent" (1985:114).

(b) **Die konstruktiewe hantering van konflik met die oog op radikale verandering van die situasie. Dit behels die volgende aspekte:**

**Betrokkenheid en medelye** (simpatie en empatie)
**Begrip** (ventilering van emosies)
**Sintesering** (verbandlegging en perspektiefverbreding)
**Openhartigheid** (skep van kommunikasiekanale)
**Onderhandeling** (samewerkingstyl)
**Konstruktiewe gedrag** (aanleer van nuwe vaardighede t o v konflikhantering)
**Waarheidsrealisering** (katarsis as oopmaak van die waarheid in die vorm van protes)

**Versoening as verandering** (vergifnishulp en die opbou van geloof)

(c) **Die ontwerp van 'n diakonale aksieprogram en doelwitformulering**
Doelwit: Gesindheids- en struktuurverandering (totale metanoia)
Metode: Onderhandeling via vergifnis
Konteks: Koinonia as bindende element tussen strydende faksies.

**SLOTSOM**

Dit is baie duidelik dat gewelddadige konflik nie die antwoord op die Suider-Afrikaanse problematiek is nie. 'n Revolusie is nie die oplossing vir tussengroepprobleme nie, omdat dit slegs die bestaande orde omver werp in ruil vir 'n nuwe magsbasis wat weer eens op geweld gebaseer is. Die slotsom van hierdie studie is dat indien die Christelike kerk in Suid-Afrika as konflik-genererende faktor opereer en nie as vredemakers nie, dit toe te skryf moet word aan 'n foutiewe **ekklesiologie** onder invloed van 'n apartheidsideologie en dus aan 'n verwronge interpretasie van die kerk se teologiese bestemmingsfunksie. Dit kan gebeur dat die kerk so na binne gerig is en aandag aan eie institutêre belang gee (selfhandhawing as selfverliefdheid via oorgelewerde tradisies) dat dit blind word vir sowel sy teologiese funksiebestemming (kommunikasie van die Godsopenbaring) as sy wêreld-historiese en kosmiese betrokkenheidsfunksie (agent van wêreldvernuwing en wegbereider van die komende Godsryk). In die koinonia kan die kerke in Suid-Afrika mekaar vind en 'n eenheid ontwerp waarbinne sigbaar getoon word dat mense uit verskillende groepe mekaar kan vind en sorg vir mekaar kan dra. Die kerk moet as nuwe verbondsgemeenskap mense iets laat proe van die vreugdevolle samesyn van die bruilofsmaal van die lam van God. Indien die pastoraat in sy kommunikasie met alle groepe heilsbemiddelend betrokke raak, kan die skep van 'n ware verbondsgemeenskap 'n nuwe "eksperimentele" groep binne bestaande botsende groepe word wat die konflik transendeer in die rigting van die versoening binne die liggaam van Christus. Die Christelike kerke moet dus op gemeentelike en plaaslike vlak brûe tot versoening tussen verskillende groepe bou en dien as versoeningsmodel in 'n konfliksituasie.

Ons is op soek na eenheid in die RSA. "As ons nie besig is om te soek na die gespanne ewewig van eenheid in verskeidenheid, na die balans tussen middelpuntvliedende en soekende kragte, na die nimmereindigende versoening van groepsbelang en algemene belang nie, mors ons ons tyd, indien nie die Here syne nie" (Cilliė 1985:21). In die soeke na eenheid kan die kerke 'n deurslaggewende rol speel en 'n demonstrasie van ware versoening bied.

'n Kerk wat wesenlik 'n pastorale gemeenskap is, is nooit staties nie; kerk-wees is 'n voortdurende beweging, 'n "bruggebeuren" (Berkhof 1973:430). Die gemeente is gerig op die wêreld "als eersteling van Gods bedoelingen, als proeftuin van een nieuwe humaniteit" (Berkhof 1973:434).

> "Don't be afraid of yourself, live your individuality to the full - but for the good of others. Don't copy others in order to buy fellowship, or make convention your law instead of living the righteousness" (Hammerskjöld 1964:62).

**BIBLIOGRAFIE**

Barth, K 1951. Die Lehre von der Schöpfung. **KD III/4.** Zürich: Evangelischer Verlag.

Berkhof, H 1973. **Christelijk geloof.** Nijkerk: Callenbach.

Boerwinkel, F 1974. **Eind of nieuw begin.** Bilthoven: Ambo.

Brief. 1986. **Die Kerkbode,** 19 Februarie, 5.

Calvijn, J s a. **Institutie** (Sizoo). Deel III, boek IV. Delft: Meinema.

Cilliė, P J 1985. Bestek van apartheid: Wat is (was?) apartheid? **Die Suid-Afrikaan** 5, 16-21.

1986. Heil in 'ordelike bevryding', in **Die Burger,** 21 Maart, 2.

Cook, J T 1985. Introduction: The dance of destruction, in Vorster, W (ed), **Views on violence.** Pretoria: UNISA., 112-119.

Documentation, 1985. The Kairos Document. Challenge to the church. A theological comment on the political crisis in South Africa, in **Journal of Theology for Southern Africa** 53, 61-81.

Guinness, O 1973. **The dust of death. A critique of the counter culture.** Leicester: Inter-Varsity.

Hammerskjöld, D 1964. **Markings.** London: Faber.

Heitink, G 1983. Voortgaande bezinning rond het pastoraat, in Faber, H (red), **Pastoraat - balans en perspectief.** Kampen: Kok (I), 64-76.

Jansen, J P 1986(a) Die ANC en die SAKP. Ongepubliseerde lesing. Universiteit, Stellenbosch.

1986(b) Die 'Freedom Charter.' Ongepubliseerde lesing. Universiteit, Stellenbosch.

Kaunda, K K 1967. **A humanist in Africa. Letters to Colin Morris.** 2nd ed. London: Longmans.

Kraybill, R S 1980. **Repairing the breach. Ministering in community conflicts.** Scottsdale: Herald.

Kuitert, H M 1985. **Alles is politiek, maar politiek is niet alles. Een theologisch perspectief op geloof en politiek.** Baarn: Ten Have.

Leatt, J, Kneifel, T & Nürnberger, K (eds) 1986. **Contending ideologies in South Africa.** Cape Town: Philip.

Moser, M 1984. Gewalt/Gewaltlosigkeit Praktisch-theologisch, in Müller, A (Hrsg), **Theologische Realenzyklopädie.** Berlin: De Gruyter (Band XIII)

Oosthuizen, G C, Coetzee, J K, De Gruchy, J W, Hofmeyr, J H & Lategan, B C 1985. **Religion, intergroup relations and social change in South Africa.** Pretoria: HSRC.

RGN-ondersoek 1985. **Die Suid-Afrikaanse samelewing: werklikhede en toekomsmoontlikhede.** Pretoria.

Rohrer, N & Sutherland, S P 1981. **Facing anger.** Minneapolis: Augsburg.

Schrey, H-H 1984. Gewalt/Gewaltlosigkeit Ethisch, in Müller, A (red), **Theologische Realenzyklopädie.** Berlin: De Gruyter (Band XIII).

Serote, M 1982. Time has run out, in Couzens, T & Patel, E, **The return of the Amasi Bird. Black South African Poetry 1891-1981.** Johannesburg: Ravan, 372-378.

Smelik, E L 1965 3de dr. **Het evangelie naar Johannes.** Callenbach: Nijkerk.

Viljoen, H G 1985. Aggression and violence: a social psychological perspective, in Vorster, W S (ed), **Views on violence.** Pretoria: Unisa, 1-15.